AfriForum Jeug

Mediaverklaring
24 Maart 2010

Facebook inskrywings skiet Malema se verweer uit die water

AfriForum Jeug het sy waardering uitgespreek vir die ANC Jeugliga se distansiëring van die growwe rassistiese Facebook-inskrywings wat na bewering deur Malema se aanhangers gemaak word. Verder het AfriForum Jeug gevra dat Malema daad by die woord voeg deur sy uitlatings, wat rassehaat en -geweld in Suid-Afrika aanmoedig, summier te staak.

Dit volg nadat growwe rassistiese uitlatings deur verskeie beweerde ondersteuners van Julius Malema op Facebook gemaak is en die ANC Jeugliga vandag in 'n verklaring gesê het dat hulle 'n nie-rassige Suid-Afrika nastreef, waarin almal vreedsaam met mekaar kan saamleef.

AfriForum Jeug se nasionale voorsitter, Ernst Roets, het egter gesê dat dit geen doel dien dat die ANC Jeugliga hulle in 'n verklaring hiervan distansieer, terwyl hulle onverskrokke voortgaan om uitlatings in die openbaar te maak wat ten doel het om rassehaat en -geweld aan te moedig nie.

"Malema se verweer op die gewraakte 'Skiet die Boere'-lied, naamlik dat hy dit nie letterlik bedoel nie, is irrelevant. Wat wel relevant is, is hoe hierdie lied op grondvlak deur die 'Boere' en deur Malema se ondersteuners ervaar word. In die lig van die groot steun wat AfriForum Jeug se Stop Malema-veldtog kry, en die skokkende uitlatings wat deur Malema se beweerde ondersteuners gemaak word, is dit duidelik dat Malema se verweer uit die water geskiet word."

AfriForum Jeug het ook onderneem het om rassistiese Facebook-uitsprake te monitor om vas te stel of die persoon identifiseerbaar is en versoek dat enige persoon wat homself aan aanhitsing tot rassehaat of -geweld skuldig maak, aangespreek moet word. "Ons kan nie toelaat dat polarisasie verder toeneem in Suid-Afrika nie. Wedersydse erkenning en respek moet bevorder word en nou is die tyd vir die ANC Jeugliga om te wys of hulle ernstig in die verband is," het Roets bygevoeg.

Ernst Roets
Nasionale Voorsitter: AfriForum Jeug